

17 Maart

Skrifgedeelte: Johannes 6:52-56  
HK, Vraag 76

### Die liggaam en bloed van Jesus Christus

Jesus het gesê (Joh 6:56): “Wie my liggaam eet en my bloed drink bly in My en Ek in hom.” Wat beteken dit ...?” vra die Heidelbergse Kategismus.

Die Roomse beskouing sê dat die brood by die nagmaal letterlik verander in die liggaam van Christus. Die Lutherse beskouing sê dat die werklike liggaam en bloed van die Here Jesus in die brood en wyn teenwoordig is. Wie nagmaal vier, eet en drink so die liggaam en bloed van Christus.

Die Gereformeerde belydenis verstaan dit so dat die brood en wyn tekens en seëls is wat heenwys na die liggaam en bloed van Christus wat eenmaal op Golgota vir ons geoffer is. By die eet en drink daarvan neem jy dit deur die geloof aan en verseker Jesus jou dat jy deel het aan sy offer.

Wat beteken dit nou vir jou om so deel te kry aan sy offer? Jy weet jy het die vergewing van sonde en die ewige lewe. Nog meer! Jy kry ook deel aan die Heilige Gees wat in Christus en in ons woon. Gelowiges is so een met Hom dat ons die liggaam van Christus genoem word (1 Kor 12:12-13). Die Gees gee lewe en regeer ons. Dan kom die vrug van die Christusregering in ons lewe ook al hoe meer na vore. Kyk maar na Galasiërs 5:22 wat dit is. Die grootste is die liefde (1 Kor 13).

*Sing: Skrifberyming 12-2:4, 5*

*Ds. C Hattingh (Randburg)*

~~~~~